**3 Junie** **Skrifgedeelte: Lukas 10:17-24**
**Fokusgedeelte: DL, VD 1:7**

## Ware blydskap is ...!?

Wat maak jou werklik bly? Is dit iets wat nie van jou weggeneem kan word nie? As dit iets is wat van jou weggeneem kan word, soos ’n motor of ’n huis of ’n ander besitting, dan is dit baie gevaarlik om jou blydskap daaraan te koppel. Môre verloor jy dit dalk en wat word dan van jou blydskap? Die dissipels was baie bly toe hulle agtergekom het dat selfs bose geeste vir hulle luister, maar Jesus het vir hulle gesê: “En tog moet julle nie bly wees net omdat die geeste hulle aan julle onderwerp nie, maar wees veral bly omdat julle name in die hemel opgeskryf is.” Wees veral bly omdat julle name in die hemel opgeskryf is. Die uitverkiesing tot die ewige lewe, sê Jesus, moet die belangrikste rede vir ons blydskap wees!

Hierteenoor klink die dwaling: “Daar is in hierdie lewe geen vrug, geen besef en geen sekerheid van die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie, behalwe die wat van ’n veranderlike en toevallige voorwaarde afhang.” Dit is duidelik onbybels. Die Sinode het dus hierdie dwaling verwerp.

As Jesus sê dat die dissipels veral bly moet wees omdat hulle name in die hemel opgeskryf is, dan beteken dit dat ons wel in hierdie lewe die vrugte van die uitverkiesing kan dra en seker van ons uitverkiesing kan wees. Die vrugte is geloof en blydskap wanneer jy besef dat jy uitverkies is en seker daarvan is! Hierdie is ook ’n blydskap wat nie van jou weggeneem kan word nie. Dat my naam in die hemel opgeskryf is, is die rede vir dié groot en blywende blydskap: Niks of niemand kan my van die liefde van God in Jesus Christus skei nie!

Kan ’n mens hierdie blydskap in jou lewe sien? Ook as dit swaar gaan?

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~